higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 2

(11020312)

8 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 URE
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1.1-1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... word in pypleidings na verskillende bestemmings vervoer.

A Steenkool
B Vloeistof
C Mielies
D Vee

1.1.2 'n ... in die vervoersbesigheid is verantwoordelik om mense of voertuie uit te stuur na waar dit benodig word.

A Bestuurder
B Skeduleerder/Versendingsbeampte
C Kontroleerder
D Klerk

1.1.3 ... verwys na dinge wat te make het met vervoer of transport, lading of vrag.

A Om te laai
B Aflaai
C Bemarking
D Aflewering

1.1.4 ... dienste in die vervoerbesigheid sluit menslike hulpbronbestuur, sekuriteitsbestuur en skoonmaakdienste, in.

A Tegniese
B Ondersteunings- en hulp-
C Bemarkings-
D Vlootbeheer-

1.1.5 ... is 'n 80 km-massa-snelwegstelsel in Gauteng, wat verbind word met Johannesburg, Pretoria, Ekurhuleni en OR Tambo Internasionale Lughawe.

A Metrorail
B Gautrein
C PRASA
D Metrobus

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1-1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Uitkontraktering van vervoer in ’n besigheid, laat die eienaar toe om op die kernkompetensies van die besigheid te fokus.

1.2.2 Versekering is nie verpligtend wanneer ’n taxi-diens bedryf word nie.

1.2.3 Vervoeruitkontraktering in ’n besigheid vervoer vrag vinnig en ekonomies na die bestemming.

1.2.4 Veranderlike uitgawes in die vervoerbesigheid sluit brandstof, remme, bande, ens, in.

1.2.5 Aanspreeklikheids/vragversekering vorm nie deel van vaste uitgawes in ’n vervoermaatskappy nie.

(5 × 1) (5)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1-1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 ... is ’n uiteensetting van beginsels wat die voorwaardes oor, of hoe die vervoerbesigheid bedryf kan word, verduidelik.

1.3.2 ’n Instrument wat gebruik word om die rotasiespoed van ’n skroef-as in ’n voertuig te meet, staan bekend as ’n ...

1.3.3 Die massa of gewig van ’n voertuig sonder die inhoud wat dit dra, word na verwys as ...

1.3.4 ... prosesse ondersoek die tegniese en wetlike vereistes van vervoer en voertuigonderhoud.

1.3.5 ... vervoer verminder besoedeling en padopeenhoping.

(5 × 1) (5)

1.4 Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1-1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer

1.4.1 Padvervoerbedrywighede vereis ’n basiese begrip van vervoer - (ekonomie/organisasies).

1.4.2 Kliënte-tevredenheid in vervoerbesigheid sluit (doeltreffendheid/ risiko) in.

1.4.3 Bemarkings- en verkoopsaktiwiteite in besigheidsvervoer sluit NIE (diensbevordering/sekuriteitsdienste) in nie.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 (Goeie salarisperke/Onaanvaarbare arbeidsomstandighede) is een van die hoofuitdagings in die vervoerbesigheidsetiek.

1.4.5 Toekomstige voertuig-instandhoudingsplanne dek gewoonlik (voorspelde/gediagnoseerde) instandhoudingskoste.

(5 × 1) (5)

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (1.5.1-1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Etiek	A	vervoerbedrywighede
1.5.2	Vervoerwetgewing	B	items in 'n voertuig wat besigtig moet word om te verseker dat dit padwaardig is
1.5.3	Kabelspore		
1.5.4	Vlootbestuur	C	bepaling van hoe besigheidsvoertuie hanteer word en waarheen hulle gereis het
1.5.5	Kontrolelys		
		D	Wet op Grensoorskreidende Padvervoer
		E	heftoestel wat gebruik word om ligte toerusting oor riviere te vervoer
		F	morele beginsels wat 'n persoon se gedrag beheer

(5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die volgende gevallestudie aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Handel kan nie in enige land sonder vervoer plaasvind nie. Om die land se ekonomie te verbeter, het die Suid-Afrikaanse regering staats/openbare ondernemings/entiteite gestig. Een van hulle is Transnet, wat die grootste en mees belangrike deel van die vraglogistieke-ketting is wat goedere aan elke Suid-Afrikaner lewer Transnet lewer duisende ton goedere in Suid-Afrika deur middel van sy pyplyne, beide na en van die hawens.

2.1 Verduidelik die rol en belangrikheid van vervoer in Suid-Afrika (2)

2.2 Wat is die rol van Transnet in Suid-Afrika? (2)

2.3 Die openbare entiteite wat hieronder aangedui word, het beide direkte en indirekte impak op die vervoerbedryf en vervoerbesighede.

Dui die rol van elk van hierdie entiteite aan, soos in opdrag van die minister van vervoer:

2.3.1 PRASA (Passasierspooragentskap van Suid-Afrika)

2.3.2 POF (Padongelukkefonds)

2.3.3 RTMC (Padverkeersbestuurskorporasie)

2.3.4 SAMSA (Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid)

2.3.5 SANRAL (Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk)

(5 × 2) (10)

2.4 Noem en bespreek DRIE uitdagings wat padvrag in Suid-Afrika in die gesig staar. (3 × 2) (6)

2.5 Noem enige VYF roetine voertuiginstandhoudingstake. (5)

[25]

VRAAG 3

3.1 Padveiligheid in Suid-Afrika is een van die belangrikste doelstellings wat die regering deur middel van verskeie projekte wil bereik.

Bespreek die 'Arrive Alive Campaign' as een van hierdie projekte onder die volgende:

3.1.1 Watter departement is verantwoordelik vir die implementering van hierdie veldtog? (1)

3.1.2 Noem die TWEE kritieke periodes van die jaar wanneer hierdie projek meestal geïmplementeer en uitgevoer word. (2)

3.1.3 Noem die DRIE doelwitte van hierdie veldtog soos dit onder die naam “365 dae Padveiligheidsprogram” bedryf word. (3 × 2) (6)

3.2 Noem enige VYF aspekte van besigheidsetiek wat die vervoerbesigheids-bedryf moet nastreef. (5)

3.3 Kennis van bedryfsverhoudinge in enige besigheid is belangrik vir ’n werknemer.

Dui enige VYF items aan wat in die indiensnemingskontrak van ’n vervoer-besigheid ingesluit moet word. (5)

3.4 Voertuie wat passasiers of goedere vervoer, moet aan sekere wetlike veilig-heidsstandaarde voldoen ten einde te kan funksioneer.

Noem enige SES bedryfsaspekte wat nagekom moet word om die veiligheid van die voertuig ten opsigte van die COF (Certificate of Fitness) te verseker. (6)

[25]

VRAAG 4

4.1 Noem en bespreek die VIER basiese soorte vervoer wat in Suid-Afrika aangetref word. (4 × 2) (8)

4.2 Noem VYF eienskappe van transito-versorging van ’n vrag. (5)

4.3 Verduidelik VYF voordele van ’n voorspellende instandhoudingsbenadering in vervoerbesigheid. (10)

4.4 Beskryf die term *uitkontraktering* in die vervoermaatskappy. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou